Heidelbergse Kategismus

Sondag: 51

Vraag 126: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe*. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie. Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe.

Vraag 126: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe*. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie.



Psalm 51:3: Wees my genadig, o God, volgens u troue liefde; wis my oortredings uit volgens u groot ontferming.

Psalm 143:2: Moet net nie u dienskneg voor die gereg daag nie; want niemand wat leef, is voor U regverdig nie.

Romeine 8:1: Daar is dan nou geen veroordeling vir diegene wat in Christus Jesus is nie.

1 Johannes 2:1: 1 My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, sodat julle nie moet sondig nie; en wanneer iemand sondig, het ons Jesus Christus, die Regverdige, as Parakleet by die Vader.

Parakleet: Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

Vraag 126: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe*. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie. Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe.



Matteus 6:14–15: "Want as julle die mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie."

Matteus 18:35: So sal my hemelse Vader ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."

SONDAG: 51 - VRAAG EN ANTWOORD: 126

Vraag: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie[1]. Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe[2].

1 Psalm 51:3; Psalm 143:2; Romeine 8:1; 1 Johannes 2:1
2 Matteus 6:14–15; Matteus 18:35

Kopiereg

© 2026